

BYLAAG A

KONVENT VIR EENHEID: REGLEMENT (25-07-2001)

1. UITGANGSPUNT

Die Konvent wil die eenwordingsproses tussen die deelnemende kerke bevorder en onderneem om onvermoeid te werk aan die imperatief van een kerkverband.

Die reglement maak voorsiening vir die realiteit dat daar op die oomblik nog verskillende kerke bestaan.

2. SAMESTELLING EN VERTEENWOORDIGING

2.1 Die deelnemende kerke (sinodes) is die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Streeksinode Kaapland, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (*NG Kerk Wes- en Suid-Kaap*) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland.

2.2 Die Konvent word saamgestel uit die moderature van die deelnemende sinodes plus vier lede soos aangewys deur die Sinodale Kommissie van die VGK, en een leraar en twee kerkraadslede waarvan minstens een 'n vrou moet wees uit elke ring van die twee NGK sinodes en twee leraars en twee kerkraadslede waarvan minstens een 'n vrou moet wees uit elke ring van die VGK sinode. 'n Kerk (sinode) sou ook 'n kleiner afvaardiging kon aanwys. Ringe moet ernstig oorweeg om ook jongmense af te vaardig.

2.3 Diensaksies/verenigings (Vroue en Jongmense) kan op sinodale vlak twee verteenwoordigers aanwys uit die geledere van elke NGK sinode en vier lede uit die VGK sinode.

2.4 Elke sinodale kommissie kan een verteenwoordiger per kommissie uit hulle geledere uit die NGK sinodes aanwys en twee verteenwoordigers per kommissie uit die VGK sinode.

2.5 Ander belangstellendes uit die VGK, NGK, RCA, en NGKA sou in die toekoms na 'n konsensusbesluit deur die Konvent hieroor uitgenooi kan word om by die Konvent aan te sluit.

3. KENNISGEWING, BYEENROEPING EN KONSTITUERING

3.1 Die skriba (of aangewese persoon) van elke moderatuur is verantwoordelik om 'n redelike tyd vooraf aan die afgevaardigdes van die betrokke Kerk kennis te gee van die Konvent.

3.2 Konstituering geskied onder leiding van die aangewese voorgangers (sien punt 5.2).

3.3 Elke kerk hanteer sy eie geloofsbriewe en lewer 'n samevattende geloofsbrief by konstituering in.

3.4 'n Volstrekte meerderheid van die amptelik afgevaardigdes van elke Kerk moet teenwoordig wees om te konstitueer.

3.5 'n Volstrekte meerderheid van die getal lede op die presensielys is 'n kworum.

4. UITVOERENDE KOMITEE EN AMPSDRAERS

4.1 Die moderature plus vier lede soos deur die SK van die VGK aangewys tree gesamentlik op as Uitvoerende Komitee (UK). Die voorsitter en skriba word aangewys deur die kerk wat as gasheer vir die vergadering optree. Indien 'n kerk (sinode) volgens punt 2.2 verkies het om 'n kleiner afvaardiging aan te wys, vorm hoogstens vier van die afgevaardigdes deel van die UK

4.2 Die UK vergader minstens een keer per jaar.

5. VERGADERINGS

5.1 Die Konvent vergader twee-jaarliks.

5.2 Buitengewone vergaderings kan deur die UK van die Konvent belê word.

- 5.3 Die plek, tyd en sakelys van die vergaderings word deur die UK bepaal. Die sakelys word deur die vergadering goedgekeur.
- 5.4 Die UK besluit vooraf wie as voorgangers die leiding neem by die Konvent
- 5.5 Die vergaderingsprosedure word gereël volgens die reglement van orde van die kerk waarvan die voorsitter 'n verteenwoordiger is. Indien daar 'n verskil van mening is, beslis die vergadering.

6. BESLUITNEMINGSPROSES

- 6.1 Sover moontlik word besluite deur konsensus in gesamentlike gehoorsaamheid aan die Bybelse boodskap geneem. Indien daar geen konsensus oor 'n bepaalde saak bereik kan word nie, word die saak na die onderskeie sinodes en indien nodig ringe verwys vir verdere soeke na die wil van God met terugrapport aan die Konvent.
- 6.2 Besluite van die Konvent moet afsonderlik deur elke sinode bekragtig word alvorens dit bindend op die betrokke sinode is.
- 6.3 Die Konvent kan uitsprake en verklarings oor sake van gemeenskaplike belang maak met verslag aan die sinodes.

7. SAKELYS

Die sakelys van die Konvent sal normaalweg die volgende sake insluit:

- 7.1 Die saak van kerkvereniging en die bevordering daarvan. Dit sluit in
 - 7.1.1 die konfessionele basis van 'n nuwe kerkverband
 - 7.1.2 die struktuur van 'n nuwe kerkverband
 - 7.1.3 'n geprojekteerde tydsraamwerk vir die eenwordingsproses
 - 7.1.4 gemeenregtelike vereistes vir kerkvereniging
- 7.2 Alle sake wat deur die betrokke sinodes en ringe verwys word
- 7.3 Die betrokkenheid en praktiese samewerking tussen ringe en gemeentes, tussen sinodale kommissies, tussen verenigings/aksies onderling, en die behandeling van verslae uit die ringe in verband met skakeling en samewerking
- 7.4 Belewing van die eenheid in die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke in die gebied.
- 7.5 Die betrokkenheid by ander Gereformeerde Kerke in die gebied van die deelnemende sinodes en die bevordering van kerklike samewerking met daardie kerke.

8. ADMINISTRASIE EN KOSTE

- 8.1 Die administrasie van die Konvent word aan die UK toevertrou met verslag aan die Konvent.
- 8.2 Elke deelnemende kerk dra sy eie koste

9. KOMMISSIES

- 9.1 Die Konvent kan kommissies aanwys vir studie of vir die sinvolle afhandeling van sake op die sakelys. Normaalweg voer die aangewese kommissies die opdragte van die Konvent uit en doen verslag aan die vergadering van die Konvent. In gevalle van dringende aard kan so 'n kommissie van die Konvent verslae en aanbevelings aan die U.K. voorlê.
- 9.2 Die Konvent bepaal elke keer ad hoc hoe die kommissies saamgestel word.

10. VERSLAG

- 10.1 Na elke vergadering van die Konvent word verslag aan die onderskeie sinodes en ringe gedoen.

11. REGLEMENTSWYSIGING

- 11.1 Die Reglement kan gewysig word nadat die Konvent en die onderskeie sinodale kommissies / moderamens afsonderlik die wysiging goedgekeur het.